

Van Land register Harrismith
boek A, bladz: 16
317
Plaats No 298. X Nooitgedacht.
Deze plaats was vroeger in het District Vaal Rivier
(later Harrismith) en is nu by Lynverandering
in het District Cronstad gelegen, werd op
20 October 1848 by Land Certificaat verleend
aan Cornelius Johannes Engelbregt op eene
Recognitie van £ 2-5-0. Sterling en op
28 Januar 1854 verkocht, op 30 July 1855 te
Winburg getransporteerd en op 4 Augustus
1855 te Bloemfontein geregistreerd ten faveure
van Theunis Louis Botha (nog eigenaar)
358 Ziet L. Reg: Vaal Rivier (later Harrismith) Boek A.
Bladzyde No 16.

Figuur 17: Nooitgedacht 89 se inligting (1848, 1855)[373]

Sommige veeboere het teen 1852 meer as een plaas in die Oranje-Vrystaat gehad, waarvoor hulle ongeveer £3 belasting (ook lisensiegelde genoem) vir die eerste plaas en £5 belasting vir die tweede onbewoonde plaas (ook leningsplaas of rekwesplaas genoem) aan die regering moes betaal.[374] Die oudste inwoners van die Vrystaat het rekoniegeld (rekognitiegelden) aan die staat betaal om eienaarskap van die grond te verkry, waarop 'n koopbrief (grondbrief) dan aan hulle uitgereik is (*Figuur 18*).[375] Op die grondbrief is die ligging, grootte en koopprys van die plaas aangdui, asook die persoon aan wie die plaas uitgereik is, die datum en die president se voorletters en van. Sommige eienaars het nie oor 'n koopbrief beskik nie, maar dit blyk dat hulle op besitreg aangedring het nadat hulle vir 'n redelike tydperk op een spesifieke plaas gebly het.[376] Vóór 1854 is sommige van die emigrant-boere se plase reeds deur die verkose Landkommissie


373 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 317.

374 29 Apr. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 129, 130, 135.

375 Aug.-Sept. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 163, 173, 174.

376 Sept. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 174.

geïnspekteer en deur die toenmalige "Burger-goverment geboekt" waarop wetlike grondbesit toe verkry is.[377] Die Koepelplase soos Sweet Home, Rietkuil, Stinkhoutboom en "Lesito's Kraal" (*Figuur 19*) se eienaarskap is byvoorbeeld op grond van hierdie burgerregte verkry.[378] Sommige plaasname het met verloop van tyd verander na 'n Afrikaanse spelling, soos Le Sito's Kraal na Lesutoskraal.[379]


No. 111 Deel fontein 116

Gelegen in de wyk Onder Rhenoster rivier, dist. Kroonstad
Groot naar gissing "niet opgegeven" morgen.
Jaarlyksche recognitie £1.10.0. Sterling
Verleend aan Pieter Hendrik Henning
Grondbrief gedateerd 15 December 1860,
en geteekend M: W: Pretorius, President, OVStaat,
Geregistreerd te Bloemfontein op 22 January
1861, en grondbrief aan den Govts: Secretaris, ter
verzending teruggegeven.
William Collins [illegible]


Figuur 18: Deelfontein se inligting (1860)[380]

377 29 Aug 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 165.

378 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A] pp. 217, 245, 285; VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99 B] p. 329.

379 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/101 C] p. 329; CSG, *Lesutoskraal 72 IQ Vredefort district 664/1939; 3477/1953* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

380 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A] p. 116.



329
Plaats No 761 Lesito's Kraal
Gelegen in de Wijk Onder Rhenoster River
Groot naar gissing 2000 morgen
Jaarlijksche Recognitie £2.
Verleend aan William Allison op Burgerregt
Grondbrief gedateerd 6 Jan 1869.
(Getee.) J.H. Brand
Geregistreerd te Bloemfontein op 6 January 1869.
en Grondbrief teruggegeven

Figuur 19: Lesito's Kraal se inligting (1869)[381]

Op aanbeveling van die landdros is sommige plase, gewoonlik op een of ander transportroete, as uitspanningsplase opgemeet en dienooreenkomstig op die kaart-en-transport-diagram "vir die uitsluitlike doel om as uitspanning te dien" aangedui. Uitspanningsplase, soos Welkom 164 en De Vaal 18,[382] was areas met 'n standhoudende fontein waar mense kon oornag en die osse uitspan wanneer hulle met wa en osse gereis het. Op sommige plase is slegs 'n gedeelte van die plaas as uitspanning afgestaan, soos op Feestdrift 930 (25 uit 500 morg) en Rust en Vrede 109 'n onderverdeling van Witklipfontein (13 uit 538 morg).[383] Uit hierdie reëling blyk dit dat niemand net jou grond op enige plek met sy vee kon betree en sonder toestemming daarop kon uitspan nie. In 'n Memorie (1855) word daar meegedeel dat die kaarte van "rekwest" of "huurplaatsen" (met ander woorde, plase wat uitgegee is) wat groter as 6 000 morg is, nietig verklaar sal word. Die plase aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier was meestal veeplase en oorwegend groter as die plase in die destydse Transvaal, noord van die Vaalrivier.

In *The Friend* van 13 Mei 1854 is verskeie grondkwessies in die Vrystaat rakende 'n Ordonnansie (wat van krag was vanaf 1854.07.07) uiteengesit, wat vir ons meer lig

381 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/101 C] p. 329.

382 29 Aug. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 166; CSG, *Welkom 164 IQ Vredefort district 81/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; CSG, *De Vaal 18 IQ Vredefort district 4/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

383 CSG, *Feesdrift 930 IQ Vredefort district F1078/1926* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; CSG, *Rust en vrede 109 IQ Vredefort district 3118188A* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

werp op die wyse waarop grondbesit in die binneland in die beginjare verkry is. Hiervolgens is daar, in ooreenstemming met die Z.A.R. (ná 1854.10.01), regeringsgrond op lening onder bepaalde voorwaardes aan Vrystaatse burgers vergun.[384] Die aansoeker moes tussen die ouderdom van 16 en 60 wees, en moes nog geen plaas gedurende die Britse regering besit het nie. Verder is daar bepaal dat, indien 'n persoon grond verloor het vanweë die verskuiwing van grenslyne wat deur die regering verander is, hulle voorkeur sou kry op onbewoonde grond wat aan die regering behoort het. Voorts was 'n persoon wat nog nie grond in die land besit het nie, maar 'n "ledige ongeeigende plaats occupeert", geregtig om die plaas onder spesifieke voorwaardes te kry.[385] Eerstens moes hy die plaas gedurende drie opeenvolgende jare na die datum van die vergunning van die lening, bewoon of laat bewoon het. Verder moes die okkupant 'n sterk huis van klip of klei (nie kleiner as 20 vt. lank by 12 vt. breed nie, met mure van 6 vt. hoog) op die plaas bou. Die plaas moes binne ses maande ná die vergunning van die lening bewoon word. Daarby moes ook "Recognitie" van tussen £1:10 en £3 per jaar betaal word. As die plaas as gevolg van gebrek aan water of ander oorsake nie tot vaste woonplek of boerdery kon voortgaan nie, sou 'n kommissie van ondersoek betrek word. Ná verloop van drie jaar vanaf die datum van vergunning van die lening sou, indien daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is, die vergunde persoon 'n "land certificaat" kon eis, en die Grondkommissie sou aan hom die plaas onder "eeuwigduurende Erfpagt met eene Recognitie van hetzelfde montant als voorde vorige drie jaren uitvaardigen". Indien die vergunde persoon voor die verstryking van drie jaar 'n huis bou, sou die Grondkommissie onmiddellik aan hom 'n "land certificaat" uitreik. Hierdie plase kon egter weer deur die regering teruggeneem word, indien die vergunde persoon sy plaas nie bewoon of laat bewoon het binne ses maande na die datum van die vergunning nie, of indien die plaas binne drie jaar vir ses maande of langer onbewoon gelaat is.[386] As die okkupant vir drie jaar op die plaas gebly het, sou die staat nie die grond verbeurd kon verklaar nie. Daar is ook bepaal dat die grond nie oorgedra kon word aan 'n ander persoon nie, behalwe by die dood van die vergunde persoon. Daarby moes die plaas deur 'n "blanke" persoon met vee bewoon wees. Die landdros mog ook

384 13 Mei 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 310.

385 13 Mei 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 310.

386 13 Mei 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 310.

plase besoek en inspekteer, en moes 'n register van alle plaasvergunnings hou. Verder mag die Grondkommissie (*Land Commission*) geen plaas vergun het wat groter as 6 000 morg, maar so na as moontlik aan 4 000 morg was nie. Die vergunde persoon moes 20 riksdaalders vir inspeksiegeld by die uitgee van die plaas betaal. Ook sou die Grondkommissie vir elke 10 plase een vir die regering oormerk. Mense wat op regeringsgrond gebly het, kon egter nie aanspraak daarop maak nie. Behalwe vir openbare weë (wat die Landkommissie bepaal het) was elke persoon verplig om sy buurman toe te laat om vrylik oor die plaas te beweeg, wat bekend was as "een vry passaat".

Soos reeds vermeld, was dit tydens die afbakening van plaaseenhede gebruiklik om noukeurig ondersoek in te stel na die bestaansmoontlikhede, waarvan 'n voldoende watervoorraad 'n voorvereiste was. Soos in die geval van grond in die Z.A.R., is grondwaarde in die Vrystaat ook grootliks bepaal deur die ligging van die grond, die beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes, en die voorraad hout op die grond.[387] Dienooreenkomstig is die meeste oorspronklike plase, soos aangedui op die reeds genoemde 1899-kaart, juis op só 'n wyse verdeel dat die eienaars toegang tot die Vaalrivier of 'n standhoudende waterbron gehad het.[388] Die aanvanklike bakens van die eerste plase aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier stem grootliks ooreen met dié aan die Transvaalkant en is deur die grondeienaars self aangebring. In 1854 is die baken van 'n Vrystaatse grondeienaar byvoorbeeld beskryf as 'n diep wal in 'n ou uitgespoelde spruit, waar twee stene gegooi is.[389] Die landmeter het op die kaart-en-transport-dokumente van die plase ook die bakens beskryf. Dit was byvoorbeeld die hoek van 'n kraak in 'n rots,[390] houthoekpale met aanduidingspenne, 'n gat geboor in granietrots en gemerk met rooi verf,[391] ysterpenne, 'n stapel klippe, houthoekpale,[392] 'n wal van 'n

---

387 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare,* p. 24.

388 Al die diagramme van die onderhawige plase dui of 'n spruitjie, of 'n dam of die Vaalrivieroewer aan.

389 Aug 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 166.

390 CSG, *Rhenosterpoort 108 IQ Vredefort district 7/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

391 CSG, *Deelfontein 19 IQ Vredefort district TA 4091/60* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

392 CSG, *Elandslaagte 28 IQ Vredefort district 30/1873* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

spruit,[393] en selfs, heelwat later (1939), 'n treinspoor-hoekpaal in sement.[394] Die middellyn van die Vaalrivier is aanvanklik gebruik om die berekening van die grootte van die oewerplase aan die Vrystaatkant te bepaal.[395] Ons kan hieruit aflei dat die helfte van die rivier aan die grondeienaar aan die Vrystaatkant behoort het.

Reeds in die begin van die 18de eeu het reisigers opgemerk dat die Kerk 'n bindende faktor was onder die koloniste wat so ver van mekaar gewoon het.[396] Vanweë die sterk godsdienssin onder die pioniers, het hulle lang reise onderneem ten einde in 'n kerk te trou, hulle kinders te laat doop en die nagmaal by te woon. Dit is derhalwe opvallend dat die Koepeldorpe aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier, soos Vredefort en Parys, as kerksentrums ontstaan het. In die vroeë 1870's was die dorpe in die Noord-Vrystaat ver van mekaar gewees en kerkgangers moes vér reis om dienste by te woon. Die gemeente in die gebied noord van die Rhenosterrivier het twee opsies gehad om af te stig en 'n kerk te bou: óf op die plaas van die weduwee J.I. Davel, gebore Van Coller,[397] en die broers A.J.P. en J.J.A. van Coller *Klipspruit* (vandag Parys langs die Vaalrivier), óf op *Vischgat* (vandag Vredefort, 10 km suidwes van Parys).[398]

### Dorpe aan die suidekant van die Vaalrivier

Riemland, die area suidwes van die studie-area, was voorheen 'n gesogte jaggebied.[399] Daar word selfs beweer dat hierdie omgewing die enigste plek in die Oranje-Vrystaat was waar groot troppe leeus, luiperde, olifante, buffels, renosters en seekoeie voorgekom het.[400] Die eerste Voortrekkerbestuur het dit selfs goed

393 CSG, *Nooitgedacht 89 IQ Vredefort district TA4091/69* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

394 CSG, *Lesutoskraal 72 IQ Vredefort district 664/1939; 3477/1953* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

395 CSG, *Witklipfontein 165 IQ Vredefort district 3121/1889* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

396 G.W. Eybers, *Op die voetspoor van die ou reisigers, stories uit Kolbe, Barrow, Lichtenstein en Campbell*, p. 38.

397 Hierdie is 'n voorbeeld waar 'n vrou 'n mede-eienaar van 'n plaas was, soos in die geval van ander plase in die studiegebied. Met enkele uitsonderings het grond vroeër in suidelike Afrika histories meestal aan "blanke" volwassene mans behoort, terwyl anderskleuriges en vroue selde grond besit het, N. Andrew, "Land reform and the rekindling of land conflicts in South Africa, rural women's access to land" in B. Derman *et al.*, *Conflicts over land and water in Africa*, p. 144.

398 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 10.

399 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (2)*, p. 34.

400 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.12.01.

gedink om wetgewing rakende die jag van wild in te stel. Daarvolgens kon mens net vir eie gebruik gejag het.[401] Later was hierdie distrik bekend vir sy mielies, sonneblomme, sorghum, grondboontjies en beesboerdery, en sedert die 1980's weer vir sy wildsplase.

***Parys***

Die plaas *Klipspruit* 64 IQ, langs die Vaalrivier aan die Vrystaatkant in die kern van die Vredefortkoepel, was soos reeds genoem vroeër no. 244 in die Vaalrivier- of Harrismith-distrik geleë.[402] In 1876 is die eerste 113 erwe op een deel van die plaas *Klipspruit*, toe in die Kroonstad-distrik, deur die landmeter J.A. Fleck opgemeet en vir £25 elk verkoop.[403] Parys het sy ontstaan te danke aan die private inisiatief van die Van Coller-familie.[404] Die naam van die dorpie is deur 'n Duitse landmeter, mnr. C. Schilbach, na die stad Parys in Frankryk vernoem. Hy het die naam voorgestel omdat die Vaalrivier hom glo herinner het aan Parys (Frankryk) en die Seinerivier. Ná die stigting van Parys het die eienaars van Klipspruit 'n groot stuk grond aan die Nederduitse Gereformeerde kerk te Kroonstad geskenk ten einde die verklaring as dorp te bespoedig.[405] Parys het op daardie stadium in die Heilbron-distrik geval en die buurdorp, Vredefort, in die Kroonstad-distrik. Ná verdere distrik-lynverskuiwings het Parys (sedert 1902) onder Vredefort en sedert 1951 in die Parys-distrik geval. Sedert 2000 ressorteer dit onder Fezile Dabi se distriksmunisipaliteit en maak dit die hoofdorp uit van die plaaslike munisipaliteit van Ngwathe.

Die verspreiding van water was een van die eerste probleme waarmee die inwoners van Parys in 1876 te kampe gehad het.[406] Gevolglik is 'n wal van klippe en sandsakke oor die breedte van die Vrystaatkant van die stroom gegooi, om 'n genoegsame hoeveelheid water aan die leivore van die dorp te voorsien.[407] In 1881 het die Volksraad 'n kommissie gestuur om die wenslikheid van 'n dorp in die omgewing van Parys te ondersoek; in 1882 het hulle ingewillig dat *Klipspruit* as

---

401 H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz,* p. 111.

402 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 317.

403 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 317; J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, p. 117.

404 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 10.

405 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 11.

406 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 52.

407 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 52.

dorp, onder die naam Parys, erken word.[408] In dieselfde jaar is perdepos tussen Heilbron en Parys toegestaan en 'n Vrederegter is ook aangestel. Verder is daar in 1883 ook dorpsregulasies bekragtig en 'n dorpsbestuur gestig.[409] Hierdie uitbreidings het veroorsaak dat Parys weereens te min water gehad het. Gevolglik het daar verskeie dispute oor water in die munisipaliteit ontstaan. Om hierdie probleme die hoof te bied, is mnr. Adrian Becker as die eerste waterfiskaal van Parys aangestel. Hulle het vir hom sy eerste maand se salaris uit waterfooie betaal. Daarna het die reënseisoen ingetree, met die gevolg dat die inwoners hulle waterfooie weerhou het omdat hulle nie water uit die Vaalrivier benodig het nie. Die waterfiskaal het gevolglik vir die volgende ses maande geen salaris ontvang nie.

Parys se ligging langs die Vaalrivier en op die hoofroete van Kroonstad oor Vredefort na Lindequesdrift en Viljoensdrift, het veroorsaak dat reisigers geld in die dorp spandeer het, wat gunstig was vir die groei van die dorp. Daar is ook begin met die ontwikkeling van Mimosa-tuine as vakansieoord op die walle van die Vaalrivier. Verder het immigrasie en verstedeliking sedert 1880 'n plaaslike mark vir Parys geskep. Gevolglik het Parys in 1885 'n versoek aan die Vrystaatse Volksraad gerig om as afsonderlike distrik verklaar te word, maar dit is afgekeur. In 1887, met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, het Parys weer 'n oplewing beleef en is die eerste dorpsbestuur deur 'n munisipaliteit vervang. Die drif oor die Vaalrivier was 'n besige oorgang en dit was moeilik om die rivier, veral in die reënseisoen wanneer dit in vloed was, oor te steek. Daar was eers 'n vlot (pont of "ferry"), maar dit het baie ongelukke opgelewer.[410] Gevolglik het die inwoners aan die Transvaalse kant van die rivier verkies om eerder 48 km (30 myl) na Potchefstroom deur te reis, as om die risiko te neem om oor die Vaalrivier te gaan. In 1891 is 'n telegraaflyn van Vredefort na Parys aangelê, en in 1898 'n Assistent-Landdros aangestel.[411] In 1908 is die keerwal in die Vaalrivier bokant Parys verhoog. Gevolglik kon die dorpie (in 1912) met hidroëlektriese krag spog.[412] Die brug oor die Vaalrivier is in 1915 gebou, wat die handel en verkeer met die omliggende dorpe en streke vergemaklik het. Heelwat later (in 1953) is

---

408 J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, p. 117.

409 J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, p. 117.

410 Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

411 J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, pp. 117, 118.

412 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 61.

die waterwerke in die Vaalrivier bokant Parys opgerig.[413] Daar het vroeër 'n sterk koöperatiewe vereniging in Parys bestaan, aangesien tabak, soos ook aartappels, mielies en koring, vername produkte van die omliggende streke was.[414]

***Vredefort***

Die gebied waarop die dorp Vredefort gevestig is, is in die kern van die Koepelgebied geleë, vandaar die naam "Vredefortkoepel". Die dorp grens nie aan die Vaalrivier nie, maar die stroompies in die gebied loop wel in die rigting daarvan. Verder is die dorpsgebied en omgewing, soos in die geval van Parys, binne die Vredefortkoepel-granietgrasveldbioom geleë. Uit die inligting op die oorspronklike grondbriewe is dit duidelik dat die plase in die omgewing van hierdie dorpie vroeër deel was van die landdrosdistrik Kroonstad, en dat die grondeienaars hoofsaaklik veeboere was.[415] As gevolg van groot afstande tussen dorpe, is 'n plaas gesoek waarop 'n dorp aangelê kon word. Gevolglik het J.J. Scheepers 'n gedeelte van sy plaas *Vredefort* no. 148, 'n onderverdeling van die plaas *Vischgat* 108 IQ wat aan hom en sy swaer J. Henning behoort het, vir 'n dorpsterrein afgestaan.[416] Die eerste erwe is in 1877 aan lede van die Komitee van die dorp Vredefort (vernoem na die plaas Vredefort 148 IQ) verkoop.[417] Daar was egter spanning tussen die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde kerk van die gebied noord van die Rhenoster-rivier (later Parys en Vredefort), omdat hulle verskil het oor dorpstigting.[418] Gevolglik is daar in 1882 die eerste gemeente op Vredefort gestig, en 'n jaar later is die hoeksteen van die eerste NG kerk aldaar gelê. Daar is reeds in 1886 goud aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier naby Vredefort ontdek. Teen 1889 was goudontginning in die Vrystaat in 'n beginstadium, en Lindequesfontein, wes van Vredefort in die Kroonstad-distrik, was die enigste geproklameerde gouddelwery.[419] Delwers en myners het gevolglik na die Vredefortse delwerye in die Vrystaat gestroom.[420]

---

413 J.H. van Eeden, , *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 19, 25, 37, 62.

414 J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, pp. 117, 118.

415 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A-2/1/1/102 E].

416 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99 B] p. 76.

417 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/100 C] p. 314.

418 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 10, 11.

419 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 107.

420 Die plaas Elandslaagte, naby die destydse Reitzburg, het meer as 2 000 delwers gehuisves, GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05.

In 1902 het Vredefort 'n afsonderlike landdrosdistrik geword. Hierna is die meeste Koepelplase van die Kroonstad- na die Vredefort-distrik oorgeplaas en opnuut genommer. Vredefort het 'n ekonomiese bloeityd beleef toe die nasionale pad nog deur die dorp geloop het. Gevolglik het die bou van die nuwe dubbelpad (bekend as die N1), wat nie deur Vredefortdorp loop nie, 'n merkbare uitwerking op die area gehad. Sedert 2008 is die dorp besig om agteruit te gaan, aangesien die munisipaliteit nie die nodige instandhouding en dienste lewer nie. Ook die Hoërskool Chris van Niekerk se leerlingtal het aansienlik gedaal. Die rede waarom Vredefort vinniger as Parys agteruitgaan, kan grotendeels aan die toerismebedrywigheid gewyt word. Vredefort is ver van 'n rivier geleë; gevolglik is die plaaslike toerismebedryf beperk.[421] Hierteenoor trek die vakansieoorde langs die Vaalrivier in die omgewing van Parys, veral dié met wateraktiwiteite, mense aan.

***Reitzburg***

'n Aantal goudriwwe is suid van die Vaalrivier ontdek soos Roosrif, Brown se rif, Jumbo-rif, Wit-rif, Veldschoen-rif, Minnaar-rif en Nieuwstadt se rif.[422] Tydens die ontdekking van diamante en goud in die Koepel-omgewing het mynbou 'n mate van finansiële gewin vir die delwers ingehou. Mynbou-aktiwiteite was voorts 'n belangrike faktor vir die stigting van die myndorpe in die Koepelarea, soos Venterskroon aan die noordekant en Reitzburg aan die suidekant van die Vaalrivier.[423] Dié dorpie, wat as dienssentrum aan die Vrystaatkant naby Schoemansdrift gestig is, is na die voormalige staatspresident F.W. Reitz vernoem.[424] Op Reitzburg, vroeër bekend as Lindequesfontein, is in 1886 (sover bekend) die eerste goud in die Oranje-Vrystaat ontdek.[425] D.H. Marx, eienaar van die plaas Lindequesfontein (no. 618 in die Kroonstad-distrik) het op 27 Julie 1887 by die owerheid aansoek gedoen om sy plaas tot openbare delwery te verklaar.[426] Verskeie aangrensende grondeienaars, op daardie stadium in die Kroonstadse

---

421 J.F. Jacobs, *Oranje, Blanje Blou, die romantiek van die Vrystaatse dorpe*, p. 131.

422 R. Myburgh, *Parys info Stoepstories – Parys ontwikkelingsforum* [Webwerf: http://www.parys.info/discoverparys_stoepstories.htm] [Datum geraadpleeg: 2011.05.06].

423 Daar is ook 'n gelyknamige dorp op die plaas Roodepoort no. 474 in die Pretoria-distrik, wat met hierdie dorpie in die Koepel-omgewing verwar mag word, TAB, SS, 0 [R13282/98] "Reitzburg" 1898.

424 P.J. Nienaber & C.J.P. le Roux (reds.), *Vrystaat-fokus*, p. 85.

425 P.J. Nienaber & C.J.P. le Roux (reds.), *Vrystaat-fokus*, p. 85.

426 Hy was ook mede-eienaar van Kromdraai (noord van die Vaalrivier) waar daar ook gedelf is, sien *Tabel 1*; P.J. Nienaber & C.J.P. le Roux (reds.),*Vrystaat-fokus*, p. 85.

distrik, het aansoek gedoen om hul plase tot openbare delwerye verklaar te kry. Hierdie Vredefort-goudvelde het wye belangstelling gelok, en opmetings is selfs vir 'n Delwersdorp, naamlik Bothasburg, in die omgewing van Schoemansdrift gedoen. Dié dorp wat langs die Vaalrivier opgemeet is, het voorsiening gemaak vir 312 kleims. Die dorpie Bothasburg het toe nooit tot stand gekom nie.

Lindequesfontein se delwery het in 1892 gesluit, aangesien die winste onbeduidend was. Reitzburg was op die transportroete wat vanaf Kroonstad in die Vrystaat, na Potchefstroom oor die Vaalrivier geloop het. Die Vaalrivier is by verskeie wadriwwe oorgesteek, naamlik Welkom se drif, Bothasdrift en Schoemansdrift, wat later ook oor 'n pontfasiliteit beskik het.[427] Hierdie oorgang was besonder besig en oornagfasiliteite is aan beide die Vrystaatkant en die destydse Transvaalkant opgerig.[428] Die vlot het later jare gesink en die kinders van die omgewing het met laagwater op sy dak in die rivier gespeel.[429] Die boere in die omgewing van die dorpie het mielies verbou en derhalwe die Blackstone-meule[430] op Reitzburg se dienste gebruik om hulle mielies te maal. 'n Winkeltjie wat die basiese voorraad en proviand aangehou het, is hier in die dorpie opgerig en het floreer. Die winkel het later 'n kafee geword en is vandag nog in bedryf. 'n Polisiestasie en hofsaal[431] is gebou, en 'n vrederegter is aangestel om wet en orde in hierdie area te handhaaf, veral tydens die toestroming van arbeiders ná die ontdekking van goud op die plase Elandslaagte, Kromdraai en Nooitgedacht (aan die destydse Transvaalkant).[432] Daar was in een stadium meer as 2 000 delwers op Elandslaagte bedrywig.[433] Sommige arbeiders wat op die delwerye gewerk het, het oorkant die rivier op Nooitgedacht gebly en daagliks deur die rivier geloop om hulle kleims te bewerk.[434] Die arbeiders in diens van boere en mynmaatskappye aan die Vrystaatse oewer van die rivier, het op hulle beurt die Vaalriviergrens oorgesteek en die kantiene op Venterskroon besoek. In hul dronkenskap het hulle die rus van die Vrystaatse werkgewers versteur. Die toestand was glo so erg dat

---

427 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

428 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

429 GPA, MO2, P. Erasmus (84), Thabela Thabeng 2011.07.30.

430 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

431 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

432 TAB, OD, 0 [OR1068/98] "D.H. Marx, Speciale Vrederechter, Lindequesfontein, distrik Kroonstad, PK Reitzburg, O.V.S." 1898.01.17; GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05.

433 GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05.

434 GPA, MO2, P. Erasmus (84), Thabela Thabeng 2011.07.30.

die Vrystaatse regering ook verplig was om 'n spesiale vrederegter aan te stel op Aasvogelrand aan die Vrystaatse oewer van die Vaalrivier, reg teenoor Venterskroon, om wet en orde te bewaar.

Volgens die bevindinge van die myn-inspekteur wou die grondeienaars wins uit die mynbedryf maak, en het hulle waterregte en masjienstandplase toegestaan, maar teen hoë pryse en op onbillike voorwaardes. Gevolglik het die delwers eerder na ander goudriwwe aan die Transvaalkant van die Vaalrivier verskuif, soos die by Nooitgedacht, Kromdraai, Rooderand, Buffelskloof en Tijgerfontein.[435] Nadat die mynbou-aktiwiteite in die omgewing gestaak is, is die polisiestasie gesluit en het die myndorpe soos Reitzburg (O.V.S.) en Venterskroon aan die destydse Transvaalkant, grotendeels tot niet gegaan.

Daar is ook 'n skooltjie op Reitzburg opgerig,[436] aangesien daar 'n behoefte aan onderwys vir die kinders in die omgewing was. Vroeër het die meeste skoolgaande laerskoolkinders in die omgewing van Reitzburg hierdie plaasskool bygewoon. Die aankoop van die eerste motorkarre in die omgewing kan gesien word as 'n toevoeging tot die Koepelkultuur, maar in wese het dit ook 'n ingrypende invloed op die skoolgetalle en kultuurontwikkeling van die studie-area gehad. Die omwenteling wat die motor binne die gemeenskap en gesinsopset veroorsaak het, kan nie misken word nie. Beter vervoermiddels, eers 'n bus en later die motorkar, en die bou van 'n brug oor Schoemansdrift, het dit egter moontlik gemaak vir beide die laer- en hoërskoolkinders om die "grootskool" op Potchefstroom by te woon.[437] Verder het die ontwikkeling van skoolsport en ander naskoolse aktiwiteite die ouers voor 'n keuse gestel: óf die kinders gaan in die kosskool op die dorp tuis, soos vroeër die geval was, óf die ouers koop 'n dorpshuis naby die skool en help gedurende die week die kinders met hulle aktiwiteite by die skool.[438] Vanaf Maandag tot Vrydag het menige ma en kinders op die dorp gewoon, en naweke met die motor na die pa op die plaas gery – 'n reëling wat die mense gedwing het om hulle lewenswyse en kultuur te verander, en wat vandag nog deur sommige gesinne toegepas word.[439] Hierdie reëling het

---

435 R. Myburgh, *Parys info Stoepstories – Parys ontwikkelingsforum* [Webwerf: http://www.parys.info/discoverparys_stoepstories.htm] [Datum geraadpleeg: 2011.05.06].

436 VAB, GS, 1665 [R82/97] "Inspecteur-generaal van Openbare Werken: RE Schoolgebouw te Reitzburg (tender Moll)" 1897.

437 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

438 GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai 2010.08.25.

439 GPA, MO2, H. van Wyk (54), Baskop 2011.03.05.

egter 'n ingrypende impak op die voortbestaan van die skooltjie op Reitzburg gehad. Hierdie skool, wat deur kinders van Afrikaans-sprekende boere in die omgewing bygewoon is, het in 'n Afrikaanse Kleurlingskooltjie, en veel later in 'n Sotho-medium skooltjie verander.[440] Die afgelope paar jaar is daar selfs onder die arbeiders te min kinders om 'n skool te regverdig en die gebou staan gevolglik leeg.

Dié dorpie het nie net tot niet gegaan omdat die mynbou-aktiwiteite gestaak is nie, maar ook vanweë die beter vervoermiddels wat ingevoer is en die dorpshuise wat aangekoop is. Die geografiese isolasie as gevolg van die teenwoordigheid van die bergreeks aan die een kant en die Vaalrivier aan die ander kant, het noodwendig gelei tot 'n mate van kulturele isolasie. Gevolglik het dinge op Venterskroon en Reitzburg maar stadig verander. Laasgenoemde twee dorpe is nostalgies verlate en dit lyk asof die 20ste eeu sonder enige effek hier verby gegaan het.

## Eksploiteringsfase, goud en oorlog

Water speel nie net 'n belangrike rol in die landbou (voedselproduksie), veeteelt, menslike gebruike (drink, kook en was) en in verkoeling (voedselbewaring) nie, maar ook in die prosesse wat gebruik word by die ontginning van hulpbronne. In die vroeë fase van delwery is outydse mynboupraktyke, soos blyk uit die wipplank-metode (*Figuur 20*), gebruik. Met behulp van 'n lang plank of boomstam, wat in die middel op 'n stut vasgesit is, is swaar voorwerpe op die ent(e) vasgemaak om te lig en of te verskuif. Een van die eerste vereistes om met delwery te begin was dan ook die behoefte aan water. Aanvanklik is gekapte rots na die waterbron vervoer en daar gewas. Dit was egter baie omslagtig. Hierna is die water aangery of gepomp na waar die rotse gekap is, om daar gewas te word.[441] 'n Watervoor is ook vir dié doel aangewend.[442] Dit was 'n groot verbetering op die tydrowende proses om die swaar rotse te karwei. Dit is interessant om daarop te let dat daar aanvanklik geen ondergrondse water in dolomietgange vir mynbou-aktiwiteite aangewend is nie. Dit is egter misgekyk.[443] Daar is gedurende 1896 op goudmyne

---

440 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

441 H. Guest, *Klerksdorp's fifty years of mining,* p. 33.

442 TAB, SS, 0 [R13776/96] "M. Fleischack, Potchefstroom. Vraagt voor A.P. Cronje het reght om het water uit de watervoor op zyn plaats Kromdraai te leiden" 1896.10.01.

443 H. Guest, *Klerksdorp's fifty years of mining,* p. 33.

in die Klerksdorp-omgewing, probeer om sonder water, met die sogenaamde "dry crushing"-metode, die goud-prosessering te verrig.[444] Dit was egter 'n groot mislukking. In 1914 is toestemming verleen om water uit die Vaalrivier te pomp vir delwery-doeleindes,[445] terwyl daar vir 'n waterlisensie gewag was. Ons kan hieruit aanneem dat dit in daardie tyd betreklik lank geneem het om 'n waterlisensie vir delwerydoeleindes te bekom. Die water is hoofsaaklik in die mynbedryf benodig om stof te bestry asook vir was- en vervoerdoeleindes, en vir verkoeling in smelterye. Die aspekte van menslike kultuur wat hier te doen het met die ontginning en benutting van materiële hulpbronne, ressorteer onder die ekonomiese lewe van 'n gemeenskap. Dit is ook duidelik dat produksie, distribusie, omset en verbruik ('n ekonomiese stelsel) as onderdeel van 'n kultuur sedert die Laat-Ystertydperk in hierdie studie-area aangetref is.



Figuur 20: Delwery met die wipplank-metode[446]

In *The Friend* ('n Vrystaatse koerant) van 11 Maart 1851 was daar reeds 'n berig oor die aanwesigheid van goudstof in sommige streke van die Oranje-Vrystaat.[447]

444 H. Guest, *Klerksdorp's fifty years of mining,* p. 38.

445 TAB, MCK, 1/71 [MCC298/14] "Application by Wardhaugh for permit to erect waterpump on the Vaal River for the supply of water to the diggers" 1914.05.11; 1914.05.13.

446 TAB, foto 30850.

447 11 Mrt. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 234.

Uit hierdie berig blyk dit dat die owerhede bekommerd was dat, indien daar 'n toestroming van vreemdelinge na die goudvelde sou kom, dit die wet en orde van die gebied sou versteur. Die boere was konserwatief en nuwighede is aanvanklik met 'n mate van wantroue en agterdog bejeën. Nadat gerugte in Maart 1853 van gouddraende formasies in Transvaal die rondte gedoen het, het P.J. Marais op 3 September 1853 'n versoek by die Volksraad ingedien waarin hy toestemming vra om vir goud te prospekteer. Op 1 Desember 1853 is dit toegestaan. In *The Friend* word daar op 18 Maart 1854 berig dat daar goud in groot hoeveelhede aan die oorkant die Vaalrivier gevind is, maar die regering dit geheim wou hou omdat hulle bang is vir die grootskaalse instroming van uitlanders. Die Z.A.R.-regering het in 1859 besluit om aan enige mens die vryheid te verleen om op goewermentsgronde of private eiendom, met die toestemming van die eienaar, myne te open (in die vorm van maatskappye), en minerale te ontgin.[448]

In 1867 is die eerste diamant suid van die Oranjerivier (in die omgewing van Hopetown) opgetel.[449] Alluviale diamante is hierna in die onder-Vaalrivier, naby die Oranjerivier, in die omgewing van Griekwaland-wes ontdek.[450] Gevolglik was daar teen 1870 'n toestroming van mense na die nuwe delwersgebiede, met meer as 10 000 delwers op soek na diamante langs die Vaalrivier.[451] Teen 1878 het Brittanje Griekwaland-wes geannekseer en beslag gelê op die mineraalregte aldaar. Die diamantdelwerye op die eilande en in die gruis langs die Vaalrivier stroomop in die omgewing van Parys, het eers ná die Anglo-Boereoorlog op dreef gekom.

Die ontdekking van goud in die 1880's het 'n toestroming van immigrante na die goudvelde veroorsaak. Nuwe stede en dorpe het ontstaan en bestaande dorpe het uitgebrei. Die vraag na plaaslike landbouprodukte soos vleis, voer en graan het toegeneem, en 'n binnelandse mark het ontstaan. Gevolglik het daar 'n bloeitydperk vir die landbou aangebreek. Vervoerfasiliteite het verbeter, meer geld het in omloop gekom en grondwaardes het gestyg. Die ontdekking van diamante en goud in die Kroonstad-distrik en die gevolglike toestroming van delwers en prospekteerders na die Vredefortkoepel-omgewing het 'n bepalende rol gespeel in die gevestigde kulturele gemeenskap van die mense wat reeds in die omgewing van die Vaalrivier gewoon het.

---

448 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 91.

449 H. Giliomee & B. Mbenga (eds.), *New history of South Africa*, p. 159.

450 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, pp. 260, 261.

451 H. Giliomee & B. Mbenga (eds.), *New history of South Africa*, p. 159.

In 1853 het D.H. Marx[452] en P.J. Marais[453] alluviale goud (op die plaas Kromdraai) noord van die Vaalrivier in die Koepel-omgewing gevind soos reeds genoem. Mnr. J.H. Grobler, die latere eienaar van Kromdraai, het die eerste goud-konsessie aan mnre. S.J. Minnaar en G.J. Bantjes toegeken.[454] Eers in 1882 is die "Potchefstroom Exploration Syndicate" gestig, wat goud op hierdie plaas ontgin het.[455] Dorpstigting is selfs oorweeg.[456] Die regering het in Desember 1885 hierdie delwery as openbare gouddelwery - die eerste in die Witwatersrandgebied - geproklameer.[457] In 1887 was daar reeds verskeie mynbou-aktiwiteite aan die Transvaalkant van die Vaalrivier in die Koepelgebied bedryf. Op Nooitgedacht is daar in 1886 reeds 150 goudkleims verkoop, en soos reeds vermeld, is Rooderand gedurende 1887 as openbare goudveld geproklameer, dit wil sê, enige persoon kon daar prospekteer.[458] "The Vaal River company" het ook verskeie goudriwwe gevind, en goudspekulasie was aan die orde van die dag. Die pryse van eiendomme waar goud gevind is, was gevolglik hoog. Goudmynaktiwiteite was hoofsaaklik op die plase Nooitgedacht 667, Kromdraai 165, Tijgerfontein 641, Rooderand 26 en Buffelskloof 24. Alhoewel dit uit argieffoto's blyk dat al die mynaktiwiteite aan die destydse Transvaalkant van die Vaalrivier as die Potchefstroomse goudvelde of *Potchefstroom Diggings* (*Figuur 21 – Figuur 22*) bekend gestaan het, was daar ook verwysings na die Rooderand- of Venterskroon-

---

452 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, p. 234.

453 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, p. 557.

454 TAB, SS, 49 [R558/63] "J.H. Grobler. Kromdraai. Verzoek aan den fungeerend president om antwoord op zijne memorie betreffende het transport van een stuk grond aan Mooirivier" 1863.08.03; TAB, SS, 1124 [R5611/85] "S.I. Minnaar. RE zyne prospecting claim op de plaats Kromdraai waarop hy reeds sedert 1881 gewerk heeft. Verzoekt dat deze hem verzekerd moge worden wanneer mynpachtbrief wordt uitgegeven" 1885.11.06; J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *500-jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 289.

455 TAB, SS, 607 [R420/82] "S. Minnaar en T. Lisemans. Vragen prospect licentie voor de plaatsen Kromdraai, Honig kop, Driefontein, Rietfontein" 1882.01.13.

456 TAB, SS, 0 [R6406/99] "D.J. Erasmus Kromdraai. Memorie vraagt de plaats Kromdraai tot een dorp te proclameeren" 1899.01.31.

457 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *500-jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 289.

458 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, pp. 4, 8-9.

goudvelde.[459] Let op die toegeboude sinkdakstoep van die Venter-opstal (*Figuur 21*).

In 1886 is daar goud op die plaas Weltevreden (wat gedurende die 1963-onderverdeling deel van Kommandonek 1185 geword het)[460] suid van die Vaalrivier ontdek. Op 14 Oktober 1887 het mnr. D.H. Marx goedkeuring gekry om sy plaas "Lindequesfontein", Reitzburg-noord, aan die publiek oop te stel om goud te delf.[461] Teen 1889 was goudontginning in die O.V.S. in 'n beginstadium en Marx se geproklameerde gouddelwery het binne die Kroonstad-distrik geval. Daar is later, naas die bogenoemde twee plase, op verskeie plekke aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier in die studiegebied vir goud geprospekteer, soos op Elandslaagte 28, Eensgevonden 232, Welgevonden 1054 en private goudmynaktiwiteite op die plase Reebokrand 200, Willie 905, Kopjesdam 434. Oorblyfsels van ou myne uit hierdie die era is nog sigbaar waar neerslae van goud op enkele plase langs die Vaalrivier ontgin is. Dit sluit die volgende plase en myne aan die destydse Transvaalkant in: Rooderand 26 (kleims van private eienaars, Rooderand Gold Mining Company en Jumbo Mine),[462] Buffelskloof 24 (J. Hjul en Van Blommenstein se Kleims, en Driefontein Timber Company),[463] Tijgerfontein 641 (private eienaars se kleims, en Rooderand Gold Mining Company),[464] Nooitgedacht 662 (Amazon Gold Mining Company en Lace & Thompson)[465] en Kromdraai 165 (Potchefstroom Exploration Syndicate en Western Transvaal Mines Ltd.).[466] Aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier was daar delwerye op Elandslaagte 28 (Great Western Mine),[467]

---

459 TAB, SS, 3020 [R11677/91] "JA Neser, Klerksdorp. Vraagt om de Rooderand of Venterskroon Goudvelden te brengen onder de jurisdictie van Potchefstroom" 1891.09.19.

460 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" p. 29.

461 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 107.

462 TAB, MCK, 1/5 [DRC452/03] "Claims on Nooitgedacht 662, Tijgerfontein 641 en Rooderand no. 26," 1903.03.17; TAB, MCK, 1/19 [DRC758/05] "Enquiry as to present owner" 1905.07.15. Dit blyk uit hierdie brief dat die 'Jumbo Mine' nie geregistreer was nie.

463 TAB, MCK, 1/5 [DRC539/03] "Nederlandsch Bank Potchefstroom RE Owners share licenses," 1903.07.18; TAB, MCK, 1/33 [53/09] "Buffelskloof 24," 1909.01.02.


464 TAB, MCK, 1/5 [DRC446/03] "List of claim holders on Nooitgedacht 662 and Tijgerfontein 641," 1903.06.19; O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 12.

465 TAB, MCK, 1/5 [DRC446/03] "Claims on Nooitgedacht 662," 1903.06.19.

466 TAB, MCK, 1/5 [DRC456/03] "Farm Kromdraai 165 owners' shares of license moneys," 1903.09.01; J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 289.

467 Inligting uit Thabela Thabeng private museum se uitstalruimte, Buffelskloof 2008.06.03.

Nooitgedacht 89 (Colin Voi Mine),[468] Welgevonden 1054 (Welgevonden Mine)[469] en Lindequesfontein 73 (Mayer's Mine),[470] asook spore van private mynbou-aktiwiteite op Eensgevonden 232, Rebokrand 200, Willie 905, Weltevreden, Kopjesdam 434, Witbank 166 en Helena 780.[471]




Figuur 21: Venter-opstal, Venterskroon, op die Potchefstroomse Goudvelde (ca. 1902)[472]

468 Inligting uit Thabela Thabeng private museum se uitstalruimte, Buffelskloof 2008.06.03.

469 Inligting uit Thabela Thabeng private museum se uitstalruimte, Buffelskloof 2008.06.03.

470 Inligting uit Thabela Thabeng private museum se uitstalruimte, Buffelskloof 2008.06.03.

471 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel," p. 44.

472 TAB, foto 16349.



Figuur 22: Vaalrivier by Buffelskloof op die Potchefstroomse Goudvelde[473]

President Reitz het in 1890 die swak vooruitgang in die goudontginning toegeskryf aan die feit dat die bestaande wette nie aan die regering magte verleen het, soos in ander lande die geval is, om "zonder verlof van den eigenaar eene plaats open te stellen als publieke gouddelwery" nie.[474] Gevolglik wou hy 'n konsepwet indien vir "onteigening ten algemeenen nutte met of zonder vergoeding".[475] Teen 1892 het die Vrystaat se onwettige diamanthandel in só 'n mate onmin veroorsaak, dat president Reitz verplig was om 'n permanente kommissie te benoem om alle reëlings in verband met wette en proklamasies oor diamantdelwerye te behartig.[476] Vervolgens is daar in 1895 'n wetsontwerp opgestel vir die onteiening van "plaatsen waar edelgesteentes gegraveer worden

473 TAB, foto 16356.

474 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 107.

475 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 107.

476 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, pp. 107, 108.

en het proclameeren van zoodanige plaatsen als publieke delverijen".[477] Die hele idee was om die eienaar van die eiendom waar edelgesteentes gevind is, geleentheid te vergun om sy grond aan die staat te verkoop. Die goud in hierdie omgewing was van 'n baie lae graad. Gevolglik het mynaktiwiteite reeds vanaf die 1890's afgeneem en het feitlik alle delwery tot ná die Anglo-Boereoorlog tot stilstand gekom.

Indien ons na die geskiedenis van die mens op aarde kyk, is dit opmerklik dat die mens die afgelope eeu of twee konstant besig was om sy biosfeer (die aarde) te domineer en te beheer. Dit is 'n kultuurverskynsel wat wêreldwyd voorgekom het en ook oorgespoel het na die suidpunt van Afrika. Sedert die tyd van die "Verligting" in Europa het die Westerse beskawing die "Bybelse opdrag aan die mens" om die aarde te bewerk en te oorheers, letterlik opgeneem. Dit het indirek gelei tot die groot moondhede se pogings om deur imperialisme hulle mag oor 'n groter gebied uit te brei. Dit het meestal tot verset gelei. Die Britse troepe het die destydse Transvaal binnegeval om die goud op te eis (1899-1902), maar die Boere het hulle verset, en so het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Selfs die Koepel-omgewing kon nie die effek van kolonialisme en eksploitasie van die minerale, en die gevolglike oorlog (die aanslag op die natuur se ryk),[478] vryspring nie.

Ná die oorlog is die goudmynbou-aktiwiteite hervat, en die bakens van die mynpagte, waterregte en kleims moes ook geregistreer word, wat 'n bron van inkomste vir die staat was.[479] Daar is verder bepaal dat kleims nie langs 'n spruit mag wees nie, sodat alle prospekteerders toegang tot water vir werksdoeleindes kon kry.[480] In 1903 is reeds 84 kleims op Tijgerfontein, 206 op Kromdraai en 112 op Nooitgedacht geregistreer.[481] Teen 1908 is dit vermeerder tot 90 geregistreerde kleims op Tijgerfontein, 300 op Rooderand, asook 50 op Buffelskloof,[482] waarvan nie almal in gebruik was nie.[483] Soms het eienaars van een

---

477 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 107.

478 C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

479 TAB, MCK, 1/5 [DRC451/03] "Beacons of mynpachts, water rights and claims erected" 1903.06.03.

480 TAB, MCK, 1/19 [DRC709/05] "Water rights on Rietkuil 626," 1905.07.04.

481 TAB, MCK, 1/5 [DRC571/03] "Tracings of claims," 1903.08.01.

482 TAB, MCK, 1/33 [53/09] "Buffelskloof 24," 1909.02.02.

kleim op 'n ander persoon s'n gedelf, wat gelei het tot rusie oor die opbrengste.[484] Gedurende die 1940's was daar egter op sommige plase te veel grondwater, en het die myntonnels en mynboubedrywighede letterlik "gesink," soos op Reebok kop.[485] Daar was twee golwe van goudmynontginning in die gebied. Die eerste golf was vanaf ongeveer 1887 tot in 1899, met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, en die tweede golf tussen ongeveer 1903 en 1950.[486] Dit blyk dat die meeste georganiseerde mynbou-aktiwiteite daar teen 1960 doodgeloop het.

Diamantdelwery was die mees winsgewende bedryf wat in die Koepel-omgewing benut is.[487] In 1903 is 'n sindikaat, "De Beers Hope Prospecting and Developing Syndicate," gestig vir die uitsluitlike doel om vir diamante en ander edelgesteentes in die Parys-omgewing op die plaas Groot Eiland, die dorpsmeent en verskeie erwe te prospekteer.[488] Hierdie lisensies was net vir een maand geldig.[489] In 1921 was daar ook mnr. Baird en Seuns van Johannesburg wat by die Raad aansoek gedoen het om diamante in die dorpsgebied van Parys te delf.[490] Verder was daar ook die "Klipspruit Diamonds Ltd." op die plaas Klipspruit 97, wat 'n delwerslisensie vir drie maande hernu het.[491] Alhoewel daar spoeldiamante vanaf Lindequesdrift tot by Grootedrift langs en in die Vaalrivierbed aangetref is, is dit nooit op groot skaal ontgin nie. Die rede hiervoor is dat die gruis-afsettings meestal in diep poele en holtes in die bedding van die rivier voorgekom het, en gevolglik slegs gedurende die winterseisoen, wanneer die watervlak gedaal het, bewerk kon word.[492] Daar was verskeie faktore wat stremmend op die diamant-aktiwiteite ingewerk het. Die grootste daarvan was, soos reeds vermeld, dat die

---

483 TAB, MCK, 1/33 [DRC551/08] "Prospecting on farms Tygerfontein 641 & Rooderand 26," 1908.10.30; TAB, MCK, 1/33 [53/09] "Buffelskloof 24," 1909.02.02.

484 TAB, MCK, 1/33 [DRC580/08] "Africander Extension Syndicate," 1908.11.05.

485 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Reebok kop, p. 1.

486 CSG, *Groot Eiland 35 IQ, Parys district 13720/1921* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.13].

487 A.A. Bisschoff, *The geology of the Vredefort Dome,* p. 46.

488 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p.75. 'n Meent is 'n gesamentlike of openbare weiveld of uitspanning (soms op 'n dorpsplein), waar reisigers hul osse se jukke kon afhaal, om uit te span, water te suip en te wei.

489 TAB, LD, 1230 [AG877/06] "Boundaries of farms on Vaal River 264/09 Alluvial Diggings Lease," 1906.02.23.

490 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 75.

491 TAB, MCK, 1/19 [DRC792/05] "The District Registrar of Mining Rights," 1905.04.28.

492 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys,* p. 75.

delwery seisoengebonde en gekoppel aan 'n lae watervlak was. Ná die bou van die Barrage bo-stroom (1916 – 1923) het die rivier in 'n standhoudende stroom verander wat dié delwerye gestuit het. Gevolglik was die gebied se diamantdelwery van betreklik korte duur in vergelyking met die goudstormloop gewees.

Alle mynbou-aktiwiteite is, soos reeds genoem, vir die duur van die Anglo-Boereoorlog gestaak. Die Vredefortkoepelgebied was vir meer as twee maande (Julie tot Augustus 1900)[493] deel van die oorlogsteater (daar het skote geval),[494] waar suksesvolle veldslae teen die Britse troepe geveg is. Gedurende hierdie tydperk het genl. C.R. de Wet en sy manne by hulle Rhenosterpoortkamp op sy plaas Rhenosterpoort 108 uitgespan. Daar was genoeg fonteinwater by hierdie kampterrein in die berge om in die daaglikse waterbehoeftes van die soldate vir oorlewingsdoeleindes te voorsien. Die Boeremagte en selfs vrouens met hul kinders het in die Koepelberge se grotte, spelonke en rotsoorhange, waar die San vroeër gebly het, geskuil.[495] Dit is interessant om daarop te let dat daar onder hierdie oorlogsomstandighede, vanweë nood en die feit dat daar nie tyd was om tydelike skuilings te bou nie, beskutting in die onmiddellike natuurlike omgewing as alternatiewe verblyf gevind is. Een só 'n spelonkskuiling op Baskop 461 is byvoorbeeld deur die Britse magte gebombardeer en die Boeremagte se voorraad is onder puin begrawe.[496] Verder het daar vrouens en kinders met hulle huisraad vir maande lank onder 'n rotsoorhang op Mooihoek 1182, geskuil.[497] Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Boerekrygers selfs in die verlate Sotho-Tswana-krale op die Koepelrante vir die Engelse soldate weggekruip.[498]

Dit blyk verder dat die Boere se vindingrykheid geen perke geken het nie. In Vredefort was daar byvoorbeeld twee tabakskure waarvan die voorraad "gered", en in een van die ou mynskagte in die rantjies versteek is.[499] Verder is kleipotte uit strooise (statte) gebruik om drinkwater te berg en koel te hou.[500] Tydens die oorlog is die Vaalrivier en sy spruitjies ook vir verskillende doeleindes gebruik. In

---

493 V.E. d'Assonville, *Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*, p. 1.

494 C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

495 GPA, MO2, W.J.B. Jansen van Vuuren (25), Mooihoek 2008.06.04.

496 GPA, MO2, R.A. York (63), Somerplaas 2011.02.24.

497 GPA, MO2, W.J.B. Jansen van Vuuren (25), Mooihoek 2008.06.04.

498 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (83), Helena 2012.11.24.

499 P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur (2): spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. 146.

500 P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur (2): spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. 169.

sy dagboek skryf genl. J.B.M. Hertzog onder meer dat hulle op 8 Maart 1902 in Parys aangekom en in die Vaalrivier gaan was het.[501] Voorts het kmdt. Chris van Niekerk weer op 7 Mei in 'n spruit geduik en aan die riete en matjiesgoed vasgeklou om van die Engelse soldate te ontsnap.[502] Hy beskryf die koue water as "vloeibare ys", omdat dit winter was en die vorige nag geryp het. Ons kan hieruit aflei dat die Vaalrivier nie net deur soldate gebruik is om die liggaam te reinig nie, maar ook om in 'n noodsituasie van die vyand te ontsnap. Vreemd is dit ook dat sommige inwoners van dié omgewing, hulle houtmeubels in die Vaalrivier versteek het vir veilige bewaring tot ná die oorlog.[503] Die stoele is glo met rieme aan boomwortels onder die watervlak vasgemaak.

Die berglandskap van die Vredefortkoepel, wat die dorpies Vredefort, Venterskroon en Reitzburg, asook die plase Rhenosterpoort, Tijgerfontein, Leeufontein, Rietfontein, Schoemanshof, Rooikraal, Lindequesfontein en Vlakkuil insluit, was die gebied waarbinne die Boere 'n verbete stryd teen 'n oorweldigende Britse militêre mag gevoer het.[504] Die Koepelberglandskap was vir die Boeresoldate die geskikte plek om hulle guerrilla-aanvalle teen die Britse troepe te loods, aangesien hulle dié omgewing met sy standhoudende fonteine goed geken het. Die Britse soldate was moedeloos omdat hulle nie die Boere kon verslaan nie. Dit het aanleiding gegee tot die verskroeide-aarde-beleid, die oprigting van konsentrasiekampe vir vrouens, hul kinders en bediendes (o.a. Vredefortwegkamp) en die wegvoer van mans as krygsgevangenes na kampe op eilande in die destydse Britse kolonies (o.a. St. Helena en die Bermudas). Vredefort was juis een van die distrikte in die Vrystaat wat die swaarste onder die Britse aanvalsmagte deurloop het.[505] Feitlik elke huis in die omgewing is afgebrand of het brandskade opgedoen.[506] Gevolglik het min historiese strukture in hul oorspronklike vorm bewaar gebly. Dit blyk verder dat die sterftes in die Vredefortweg-konsentrasiekamp (binne die Koepel-omgewing, maar buite die studiegebied) besonder hoog was. Hierdie sterftes kan hoofsaaklik daaraan

501 P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur (2): spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. 143.

502 P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur (2): spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. 145.

503 GPA, MO2, Z. Shahim (73), Linthof Lodge 2010.07.25.

504 V.E. d'Assonville, *Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*, pp. 87 e.v.

505 A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 3.

506 GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

toegeskryf word dat watervoorsiening in die kamp uiters swak was.[507] Daar is deur inwoners beskryf dat water met groot moeite van 'n besoedelde fontein wat 4 km (2½ myl) vanaf die kamp geleë was, gehaal moes word. Verder was daar onvoldoende wasgeriewe in die kamp, en water was uiters skaars. Klere is in vlak poele met vuil, staande reënwater, 800 m ('n halfmyl) van die kamp af, gewas. Daarby is 'n onhigiëniese emmerstelsel (toilette), wat net een maal per dag geledig is, gebruik.

Alhoewel oorlog niks met vestiging te doen het nie, is dit opmerklik dat die Vaalrivier 'n beduidende rol tydens die guerrilla-fase van die Anglo-Boereoorlog gespeel het. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat die rivier, spruitjies en fonteine vir die troepe, vlugtendes en perde vir oorlewingsdoeleindes van groot belang was. Verder het die rivier ook 'n funksionele doel vir die reiniging van die liggaam, as skuiling en as wegsteekplek gedien. Die hoë sterftesyfers onder vrouens en kinders in die Vredefortweg-konsentrasiekamp kan ook aan gebrekkige watervoorsiening en swak sanitasiegeriewe toegeskryf word. Hierdie kampsterftes het 'n merkbare invloed op die demografie van die omliggende gebied gehad. Die bevolkingsgetalle wat afgeneem het, het jare geneem om weer te herstel. Tot vandag toe is die Vredefortkoepel-omgewing, suid van die Vaalrivier, yl bewoon.

Daar is ook ander faktore met betrekking tot die gevolge van die oorlog wat hier van belang is. Die mense wat oorleef het, het in klein groepies na hul plase teruggekeer en grootliks in kulturele isolasie gewoon. Verder het die verlies aan materiële goedere soos huise en huisinhoud, hulle in grootskaalse armoede gedompel. Sommige mense het selfs hulle plase verlaat en 'n ander heenkome gesoek. Daar was twee keuses: óf om as bywoner op 'n ander plaas te gaan bly, óf om na die stede te trek en by die myne en nywerhede werk te gaan soek. Laasgenoemde opsie was die begin van die verstedelikingsproses wat veroorsaak het dat die platteland grootliks ontvolk het. Dit is belangrik om daarop te let dat die gesukkel om weer op die been te kom en hul plase te herstel, veroorsaak het dat die meeste Boere 'n besondere band met hulle grond het.[508] Van die Boere wat hulle plase in die proses van die oorlog verloor het, se plase is deur die regering ver onder grondwaarde aangekoop. Hierdie grond is dan deur Boere

507 A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* pp. 1, 24, 25, 29.

508 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Koppieskraal 2011.05.21.

aangekoop wat aan Britse kant in die oorlog geveg het (ook "scouts", wapenneerlêers, oorlopers en "joiners" genoem), en dit as kompensasie van die Britse Regering vir hul deelname aan die oorlog ontvang het.[509] Laasgenoemde groep mense wat 'n "onregverdige" ekonomiese voordeel uit die oorlog getrek het, is gevolglik vir 'n hele paar jaar deur die arm Boere-gemeenskap verag. Die verdeeldheid wat daar gedurende die oorlog in Afrikaner-geledere ontstaan het, het gevolglik ná die oorlog voortgeduur. Die verhouding tussen wapenneerlêers, veral diegene wat aan Britse kant geveg het, en die bittereinders het voorts ook op kerklike gebied tot volle openbaring gekom, met die gevolg dat wapenneerlêers nie gegroet is nie, beledigings toegevoeg is en sommiges selfs gevra is om as kerkraadslede te bedank.[510] Die meeste gemeentes van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Oranjerivierkolonie was ná die oorlog vergewensgesind, soos blyk uit die kerkraadnotules van onder andere Parys en Vredefort.[511] Die haatgevoel teenoor "scouts" het op kerklike gebied in Transvaal egter sterk na vore getree, en sommige individue is vir hulle "sedelike en morele misdrywe" selfs onder kerklike tug en sensuur geplaas.[512]

As gevolg van die verstedeliking van die plattelander ná die Anglo-Boereoorlog, en veral ná die sluiting van die goudmyne, het Venterskroon as dorp begin kwyn. Verder het beter paaie en sneller verkeersmiddele dit makliker gemaak om na die dorpe, waar daar 'n groter verskeidenheid goedere en dienste was, te reis. Die Koepelgebied se bevolking het ook oor die afgelope jare verouder. Die kinders het na die dorpskole gegaan, werk in die stede of elders gekry en selde na die area teruggekeer. Daarby is leë huise, skole en winkels, werkloosheid, asook ekonomiese stagnasie, min nuwe beleggings en swak paaie almal tekens van die ontvolkingsproses. Die oorblyfsels van die historiese geboue wat uit die 1880's

509 Ingevolge Art. 10 van die vredesooreenkoms in 1902 is £3 000 000 (*ex-Burgher Fund*) bewillig vir die hervestiging van die republikeinse "volk" in die twee Boererepublieke. In die Oranjerivierkolonie wou die wapenneerlêers egter meer voordeel uit die oorlog trek en meer vergoeding vir hulle verliese ontvang as die Bittereinders; gevolglik is daar 'n verdere £4 500 000 (*protected ex-Burgher Fund*) uitsluitlik vir die wapenneerlêers bewillig. Daar is ook 'n spesiale fonds van £2 000 000 vir Britse onderdane, neutrale uitlanders en lede van die inheemse bevolkingsgroepe bewillig. Die wapenneerlêers kon in effek uit twee of drie fondse geld eis, wat hulle in 'n groot mate bevoordeel het, in A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners" die rasionaal en verskynsel van verraad*, pp. 294, 299.

510 A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, pp. 309, 310, 311, 314.

511 A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, p. 317.

512 A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, pp. 16, 17, 18, 19.

dateer, is die stille getuies van 'n dorpsgeskiedenis wat tot die laaste kwart van die 19$^{de}$ eeu teruggevoer kan word.

Uit hierdie hoofstuk kom enkele grondliggende vraagstukke rakende kultuur na vore. Eerstens behoort 'n mens daarop te let dat kultuur spesifiek menslik is en juis die mens anders as die dier maak. Verder gaan dit in kultuurvorming nie net om aanpassing by die natuur nie, maar juis om die indiensstelling of beheersing van die natuur, in hierdie geval deur delwery, om bepaalde doeleindes, soos byvoorbeeld finansiële gewin, te verwesenlik. Die ontdekking van diamante en goud in die Kroonstad-distrik en die gevolglike toestroming van delwers en prospekteerders na die Koepel-omgewing, het 'n bepalende rol gespeel in die reeds gevestigde kultuur van die pioniersgemeenskap wat in die omgewing van die Vaalrivier gewoon het. Onder die geslote Boerdery-gemeenskappe, waar daar min kontak met vreemdelinge was, was daar 'n groot mate van kulturele eenvormigheid. Die isolasie-faktor het sodoende 'n behoudende rol binne dié spesifieke kultuurgemeenskap gespeel. In hierdie eenvoudige, geslote gemeenskappe waar die mag van tradisie baie sterk was, was daar ook 'n neiging om alles wat vreemd en nuut is, te wantrou. Dit is dus begryplik dat die kulturele, en meer spesifiek die sosiale invloed van die delwers op die Koepel-inwoners, maar gering was. Daar moet egter in gedagte gehou word dat kultuur dinamies is, en dat verskille in persoonlikheid, intelligensie en aanleg asook invloed van buite noodwendig 'n verskeidenheid van nuwe elemente in die kultuur sal inbring.

## Slotsom

Verskeie faktore het 'n rol gespeel as dit kom by die vraag waarom mense van verskillende kulture sedert die Laat-Steentydperk in die omgewing van die Vaalrivier die Koepelarea aanloklik gevind het. Die San het van wes na oos (na die Drakensberge) al langs die Vaalrivier deur die Koepel se berglandskap getrek waar daar genoeg water was om te oorleef, asook grotte en oorhange om in te skuil. Die Bantoe-sprekendes wat van noord na suid beweeg het, het hoofsaaklik op die berge en heuwels hulle vestings gebou, die warm klimaat op die noordekant van die heuwels benut, en die yster in die omgewing ontgin. Gedurende die *Difaqane* het Mzilikazi weer vanuit die ooste gekom en die Sotho-Tswanas noordweswaarts gedryf. Daar word beweer dat die Sotho-Tswana-vlugtelinge tydens die *Difaqane* in die rotse en skuilings van die San in die Koepelrante geskuil het. Die argeologiese reste (prehistories en geskiedkundig) bestaan hoofsaaklik uit klip- en

ysterwerktuie, potskerwe en klipmure binne die studiegebied. Hierdie artefakte bevestig die feit dat die inheemse bevolking hulle reeds lank voor die Europese pioniers in hierdie area gevestig het.

Die eerste fase van grensuitbreiding in die Kaapkolonie was redelik maklik, omdat die San en Khoikhoin na jare van droogte te swak, te min in getal en te verdeeld onder mekaar geword het om die uitbreiding suksesvol te stuit. In die daaropvolgende fase was die uitbreiding ook geslaagd gewees as gevolg van die *Difaqane* wat tussen 1816 en 1828 die inheemse bevolkingsgroepe grootliks uitgewis en van hulle grondgebied verdryf het. Gevolglik is groot vrugbare gedeeltes van die hoëveldse grasvelde en Natal oop en verlate gelaat. Die trekgroepe het juis ná die *Difaqane* vanuit die suide gemigreer en in hierdie half-verlate binneland gevestig. Die vestiging gedurende die 19de eeu van die emigrant-boere in die studiegebied kan ons in verskeie fases indeel. Die eerste fase was dié van pioniersvestiging (1836 tot ongeveer 1848), waartydens die nedersetters "op die rivierwalle geveg"[513] het, die omgewing op 'n eksperimentele grondslag verken en benut, en Potchefstroom op die transportroete na die Noorde sy beslag gekry het. Die Transvalers het gepoog om outonoom te wees en 'n hoë premie op hulle vryheid geplaas. Hulle wou nie veel te make hê met die trekboere benede die Vaal nie, aangesien hulle nie deur Brittanje opgesluk wou word nie. Die delwerye het in hierdie geval 'n rol gespeel by dorpsvestiging en die afbakening van grense, en permanente vestiging was 'n duidelike ontwikkelingstendens ook in dié omgewing; dit het amptelike bewys van grondbesit genoodsaak.

Die tweede fase (1848 tot ongeveer 1886) is gekenmerk deur die uitmeting van die eerste plase aan die Z.A.R.- en Vrystaatkante van die Vaalrivier en die benutting van die natuurlike hulpbronne soos die weiveld en wildstapel waaroor die distrik beskik het. Tydens hierdie era het die dorpies Parys en Vredefort beide aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier as gemeentes hulle beslag gekry. Die Transvalers het vir hulle 'n grondwet opgestel wat die Vaalrivier as suidelike grenslyn bevestig het, en wat in die 1857-8 van krag geword het. In die 1860's was daar 'n burgeroorlog waarin Stephanus Schoeman 'n voorbok was. Die mense suid van die Vaalrivier wou nie deel van daardie twisgierige spul noord van die Vaal wees nie. Teen 1867 het die Transvalers en Vrystaters mekaar weer gevind en die Transvalers het selfs die Vrystaters in hulle stryd teen die Sotho's van

513 C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

Mosjwesjwe gehelp. Trouens, daar is selfs so ver gegaan om die seun van Andries Pretorius, wat toe president van die Transvaal was, as president van die Vrystaat aan te stel.

Gedurende die daaropvolgende fase (ná 1886), nadat goud en diamante ontdek is, het die Europese uitbreiding groot momentum gekry. Europese kundiges en kapitaal het stelselmatig tot diep in die binneland hulle laat geld. Verder is hierdie tydperk veral deur die instroming van nuwe immigrante — meestal Britse onderdane — na die "Potchefstroom Diggings" in die Venterskroon-omgewing gekenmerk. Hierdie goudmynbedrywighede het aanleiding gegee tot die stigting van dorpies soos Venterskroon (Potchefstroomse goudvelde aan die destydse Transvaalkant), en Reitzburg (Vredefortse delwerye aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier), en het aanvanklik groot belangstelling in die omgewing meegebring. Die inheemse bevolking is gesien as potensiële arbeid in die myne, en trekarbeiders het na die delwerye gestroom. Die Britse regering het na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in die Boererepublieke belang gestel en in 1899 oorlog teen hulle verklaar. Oorlog word gewoonlik gesien as oplossing vir 'n probleem wat nie met onderhandelings reggestel kan word nie. Dit is egter 'n aftakelings- en destruktiewe proses in enige samelewing, met komplekse gevolge.

Indien 'n mens na die geskiedenis van Suid-Afrika kyk, was daar relatief gesproke min oorloë vanweë die uitgestrektheid van die land. Die gevegte tydens die Anglo-Boereoorlog in die Koepel-omgewing is egter 'n aanduiding dat die burgers van beide die Z.A.R. en die Oranje-Vrystaatse Republiek 'n baie sterk gevoel oor hulle vryheid en grondbesit gehad het. Hulle het juis uit die Kaapkolonie getrek omdat hulle aan private grondbesit geglo het en hulle eie land, in vrede en onafhanklik van die Britse bewind, wou besit. Derhalwe is dit te verstane dat 'n burger, soos beskryf in die inleidende aanhaling van hierdie hoofstuk, "sy geharde hand wat die geweer omvat" en "magtig" is, sal gebruik om die besit van sy grond en vryheid te verseker. Die implikasies is dat geestelike waardes en norme binne kultuurverband, materiële en ekonomiese waardes, asook die ontwikkeling en agteruitgang van die dorpe daardeur geraak is. Die ontwikkelingsproses van die gebied kan gesien word as die resultaat van 'n reeks gebeure, soos droogtes, migrasiepatrone, die *Difaqane*, en pioniersvestiging op leningsplase, waartydens die Vaalrivier 'n primêre rol vervul het. Tydens die daaropvolgende tydperk van mynbou-aktiwiteite, Britse Imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en Diamantdelwerye (*Vaal River Diggings*) in die Vaalrivierbedding,

het die rivier eerder ’n sekondêre rol gespeel. Tussen dit alles deur was die Vaalrivier ’n grenslyn – soms vaag, soms baie duidelik afgebaken in die kollektiewe gewete van die samelewing in die twee Boerestate.